Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.


Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 16 Junie. No. 30

# VERKIESINGSUITSLAG HET NIKS VERANDER AAN O.B. SE ROEPING

**„In die verlede het die O.B. sy volksgenote wat in vervolgingsnood verkeer het, gehelp; nou moet die O.B. sy volksgenote wat hul in regeringsnood bevind, alle steun verleen," skryf prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad en Jeugleier, in onderstaande uiteensetting van die na-verkiesingstoestand waarin hy die O.B. se selfstandige taak as Beweging wat waaragtige volkseenheid bo partyverdeeldheid nastrewe, beklemtoon.**

### VERRASSEND

Dat die uitslag van die algemene verkiesing vir een en almal 'n verrassing was, val nie te betwyfel nie. So 'n ommeswaai kon niemand voorspel het nie. Van agter besien voel 'n mens geneig om aan sulke faktore soos die interneringsbeleid van die vorige regering, die naturellebeleid van mnr. Hofmeyr, en die onbesuisde optrede van sulke



Prof. D. J. van Rooy.

persone soos senator Conroy en eerw. Scott die afloop toe te skryf. Die gewese regering het nog nie met 'n periode van depressie te kampe gehad nie; veral die boere het tot dusver nog betreklik goed gevaar. **En tog is dit juis die plattelandse gemeenskap wat die Smutsbewind tot 'n val gebring het.** Dit beteken dat hoofsaaklik die Afrikaanssprekendes wat gedurende die oorlogsjare en daarna baie vernederings van regeringsweë moes ondervind, hulle by die stembus laat geld het. Onder die diepgaande indruk dat dinge verkeerd loop, het hulle vir 'n verandering van regering gestem en heelwat Engelssprekendes saam met hulle. En, ek herhaal, met verrassende resultaat.

### STERK DRYFVEER

Wat egter nie uitsluitend as reaksie op te vat is nie. 'n Ander sterk dryfveer val nie te ontken nie, nl. die vorige eenheidsbegeerte wat die Afrikaanse volk nie wil prysgee nie. En dit selfs ten spyte van hul leiers! In 1938 het die volk die stang vasgebyt, die sweep veronagsaam, en koers gevat na mekaar toe. Verdagmakery en 'n onge-ewenaarde skinderkampanje het hulle weer op die loop gejaag, maar nog 'n keer het

(Vervolg op bls. 2 kol. 4)

## WAAR STAAN ONS NOU ?

In die tyd van onsekerheid en beroering tydens die afgelope oorlog, toe die stryd tussen H.N.P. en O.B. op sy hewigste was, het 'n sekere welbekende O.B.-Generaal die gewoonte gehad om so elke nou en dan met sy karakteristieke glimlag die vraag te stel: „Agter wie staan ons nou rotsvas?" Daarmee was so 'n bietjie ligte spot bedoel, veral teenoor die broeders wat nie wis of hulle hul her- of derwaarts moes begewe nie. Dis moontlik, selfs waarskynlik, dat hierdie vraag vandag weer die gemoedere besighou. Ons moet ons in alle geval, in die lig van die jongste gebeurtenisse, opnuut rekenskap gee van ons standpunt. Slegs sou ek die „agter wie" liewer wil vervang deur „waar". En die „ons" het betrekking nie alleen op die O.B. nie, maar op die Afrikanervolk as geheel. Trouens, die O.B. se hele reg van bestaan lê opgesluit in sy heelhartige vereenselwiging van Beweging met volk. Ons vraag is dus: „Waar staan die Afrikanervolk nou?" **Het die verkiesingsuitslag t.o.v. ons volkstryd en -vooruitsigte 'n radikale verandering teweeggebring, of moet dit slegs beskou word as 'n interessante maar verbygaande fase van ons politieke geskiedenis?** Om tot die beantwoording van die gestelde vraag te kan kom, is 'n vooraf-gaande ontleding van die jongste verwikkelinge nodig.

# INGEVOERDE BRITTE LOOP WEG UIT MYNSKOOL

## Word Nou Ongeskoolde Werkers

**'n Groot aantal van die rekrute vir die goudmyne wat die vorige regering uit Brittanje ingevoer het, en wie se onkoste betaal is om hulle hier te kry, het reeds die mynvakskool verlaat. Sommige het dit binne 'n paar dae na hul aankoms gedoen en ander werk aangeneem.**

Die manne het almal 'n kontrak met die regering aangegaan toe hulle in Brittanje gewerf is dat hulle in die mynbedryf sal bly en hulle as deskundiges bekwaam. **Dit blyk nou dat 'n groot gros van hierdie manne by die ondertekening van die kontrak geen voorneme gekoester het om dit uit te voer nie, maar hierin 'n uitstekende kans gesien het om gou en goedkoop uit Brittanje weg te kom en hulle na Suid-Afrika — land van melk en heuning — te haas.** Sommige van hierdie rekrute het hulle so gou uit die voete gemaak dat hulle nooit eens die binnekant van 'n myn gesien het nie!

### NODIG IN ENGELAND

Dit is opvallend dat toe hierdie manne in Brittanje gewerf is, die Britse regering op die vasteland 'n werwingsveldtog gehou het om die getalle van sy eie steenkoolmynwerkers aan te vul. **Die politieke set by die invoer van hierdie rekrute na Suid-Afrika is dus baie duidelik.**

Daar kan slegs gehoop word

(Vervolg op bls. 8 kol. 1)

## Politieke Gevangenis Onthaal

**Die politieke gevangenes wat verlede Saterdag losgelaat is, is gisteraand by geleentheid van 'n spesiale funksie in die Afrikaanse Koffiehuis, Pretoria, verwelkom. Die K.G., dr. Hans van Rensburg, het die woord gevoer. Meer besonderhede sal in ons volgende uitgawe verskyn. Lees ook berig op bladsy drie.**

# GROOT SENTRALE FEESTE IN NOORD-TRANSVAAL

**Gebied F (Noord-Transvaal) gaan met die oog op die tiende verjaardag van die Ossewabrandwag aanstaande Augustus en September vyf groot sentrale feeste organiseer waar die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, en adv. John Vorster van Brakpan, as sprekers sal optree.**



Hfgenl. G. F. Gibson

**Die eerste fees word gehou te Rustenburg op Saterdag, 7 Augustus, waar hoofgenl. Kalie Behrens die bevel sal voer. Die tweede fees vind plaas te Potgietersrus onder bevel van hoofgenl. George Gibson, op Saterdag, 14 Augustus. Dit word opgevolg deur een te Louis Trichardt ook onder bevel van hoofgenl. Gibson, op 21 Augustus.**

**In September word twee groot feeste gehou, een te Pretoria, op 11 September, waar hoofgenl. Kobie Marais in bevel sal staan en een te Belfast, op Saterdag, 18 September, onder bevel van hfgenl. Pieter de W. Wiid.**

**Na verneem word heers daar in alle dele van die land groot geesdrif vir die aanstaande feesvierings van die Ossewabrandwag omdat die tiende verjaardag van die Ossewatrek terselfdertyd herdenk word — die gebeurtenis waaruit die Ossebrandwag gespruit het. Met die sterk begeerte na eenheid wat opnuut deur die verkiesingsuitslag by die volk aangewakker is, word verwag dat hierdie feesvierings 'n verdere stukrag kan wees op die pad na volkseenheid.**



Hfgenl. Pieter de W. Wiid



Hfgenl. K. J. H. Behrens



Hfgenl. Kobie Marais

## Kommunis Nou President

Die Kommunistiese bewind in Tsjeggo-Slowakye het nou die laaste struikelblok uit hul pad gestamp en daar is nou niemand meer in die regering wat hulle kan opponeer nie nadat pres. Benesj verlede week noodgedwonge moes bedank. In sy plek is die vertroueling van Stalin, Klement Gottwald, benoem as die nuwe president. Volgens Sapa-Reuter berig is hy eergister ingesweer.

Gottwald was voorheen die eerste minister van Tsjeggo-Slowakye.

## Hollandertjies Teen Wil en Dank Na Afrikaanse Skole

Indien die vorige regering gehoop het dat die kinders van Hollandse immigrante (wat alleen toegelaat is as hulle pro-Engels blyk te wees) vir hom 'n politieke aanwins gaan wees, dan het hy hom soos gewoonlik deeglik misreken. Meeste van hierdie kinders word tans in Afrikaanse skole opgevoed en selfs diegene wat so Britsgesind was om hul kinders na Engelse skole te stuur, moes uitvind dat hulle daar geen vordering kan maak nie omdat hulle niks van die taal verstaan nie.

Onderwysers staan verbaas oor die gebrekkige kennis wat Hollandse kinders van Engels het. Kinders wat reeds in standard vyf is, het in sommige gevalle hoegenaamd geen kennis van die taal nie. Nadat hulle reeds 'n half jaar lank in 'n Engelse skool was, is van hierdie Hollandertjies nou oorgeplaas na Afrikaanse skole. Die jongste eksamens het opnuut hul onkunde omtrent Engels onderstreep.

Afrikaans is blykbaar nie vir hulle te moeilik nie. As dit nie was dat hulle orals 'n „c" of „ch" invleg nie, is hulle Afrikaans heeltemal redelik.

# Sake Waaroor Regering Sal Moet Besluit

**Die nuwe kabinet wat verlede week sy taak aanvaar het, staan voor 'n moeilike taak. Hy sal die boedel van sy voorganger moet beredder en die beloftes wat hy as Opposisie gemaak het, moet nakom. Hy staan egter voor die onmiddellike probleem dat hy tans geen wetgewing deur die senaat geloods sal kry nie omdat die senaat nog oorwegend Verenigde Party is.**

**Hy is dus toegewys om voorlopig eers sy aandag aan probleme van administratiewe aard te gee. Later, wanneer hy ook oor 'n meerderheid in die senaat beskik kan hy meer aandag aan wetgewing gee.**

Hoe optimisties sommige van H.N.P.-A.P.-ondersteuners is oor die toekoms, blyk uit die uitlatings van sommige huisvrouens oor wit brood, volop suiker, ens. Sulke verwagtings is natuurlik te ver gesog.

Daar is wel dinge wat die regering sonder wetgewing kan aanpak. Hy sal die lewenskoste, teen watter prys ook al, omlaag moet dwing, sodat die man op straat wat vandag die swaarste gebuk gaan, weer asem kan haal.

Die pogings van die vorige regering om die lewenskoste te verminder, het jammerlik misluk.

IMMIGRASIE

**'n Saak wat reeds veel bepsreking uitgelok het, is die onbeheerde Britse immigrasie na Suid-Afrika. Dit sal vir die nuwe regering noodsaaklik wees om hierdie eensydige immigrasie stop te sit en toe te sien dat Suid-Afrika nie net immigrante uit Brittanje nie, maar ook uit die stamverwante Europese lande kry.**

Dan is daar die deportasie van Duitsers — 'n erfenis van die oorlogverblinde Smutsbewind, wat nou na die uitsprake van die hof, tot 'n punt gedryf is.

NOODREGULASIES

Verder is daar die noodregulasies wat staatsamptenare verbied om lede van die O.B. en Broederbond te wees. Dit kan onmiddellik opgehef word. Die noodwetgewing verval die einde van hierdie jaar, en dit is in die mag van die nuwe regering om dit te verleng of 'n stil dood te laat sterf.

KLEURVRAAGSTUK

Of die regering in staat sal wees om die kleurvraagstuk waaroor die verkiesing gevoer is, deur wetgewing aan te pak val te betwyfel omdat hy nie oor die nodige meerderheid beskik nie.

Dit neem egter nie weg dat aparte geriewe vir blankes en nie-blankes op die treine ens., in werking gestel kan word nie. Vir die aparte treindienste is geen wetgewing nodig nie, maar slegs 'n regulasie van die spoorwegowerheid.

Daar kan ook toegesien word dat dienste soos die radiowese, wat gedurende die afgelope oorlog as propaganda-middel gebruik is, in diens van volksbelange aangewend word.

# O.B. In Die Staatsdiens

**Die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, het in 'n persgesprek met Die Vaderland verklaar dat twee dinge sy aandag geniet en waaromtrent binnekort 'n besluit geneem sal word. Dit is die posisie van die Duitsers wat gerepatrieer word en die verbod wat die vorige regering op lede van die Ossewabrandwag en Broederbond in die Staatsdiens geplaas het.**

**Daar is ook reeds aandag gegee aan die immigrasiebeleid.**

# *REKORD-PRYS VIR WOL*

'n Nuwe rekord-prys vir Suid-Afrikaanse wol is verlede week behaal toe wol in Port Elizabeth teen 72d. per pond verkoop is. Die vorige rekord was 69½d. per pond.

# REKORD-UITVOER VAN VRUGTE NA ENGELAND

**Suid-Afrika het vanjaar 'n nuwe rekord opgestel wat die uitvoer van sagtevrugte betref. Gedurende die afgelope uitvoerseisoen is daar, saam met die laaste vrag wat verlede Vrydag na Brittanje verskeep is, sowat 45,000 ton sagtevrugte uitgevoer, na die Sagtevrugteraad ons verteenwoordiger meedeel. Hiervan is meer as 38,000 ton na Brittanje verskeep terwyl daar sowat 35,000 ton sagtevrugte op die binnelandse markte verkoop is.**

Die vrugte wat nie na Brittanje uitgevoer is nie is hoofsaaklik na die Verenigde State, Swede, die Verre Ooste en Ierland verskeep. Kleiner besendings is ook na gebiede in Afrika uitgevoer.


Behalwe die 45,000 ton wat uitgevoer is en die 35,000 wat plaaslik verkoop is is daar ook nog 'n ekstra 30,000 deur inmaakfabrieke opgekoop. Die gesamentlike sagtevrugte-oes wat bemark is, is dus sowat 110,000 ton.

Die volgende is die hoeveelheid vrugte wat aan Brittanje verkoop is: druwe 2,500,000 kissies; appelkose 60,000 kissies; perskes 350,000 kissies; pere 494,000 kissies; pruime 38,000 kissies en appels 55,000 kiste.

Wat die bore vir hierdie vrugte sal ontvang, sal eers teen die middel van Augustus bekend wees.


# Is Medisyne Noodsaaklik?

*Die Natuurwetenskap sê nee!*



Die Bron van Siekte

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE

**Posbus 1336 — KAAPSTAD**


# Verkiesingsuitslag Het Niks Verander Aan O.B. se Roeping

(Vervolg van bls. 1 kol. 5)

hulle saam gekom, in 1948. **Dit** is die moedgewende en verkwikkende element van die afgelope verkiesing **en sy onverwagte** uitslag. **Die volk wil nog en kan nog bymekaarstaan. Wee hom wat hierdie eenheidstrewe nog langer wil fnuik! As daar nog sulke onbesonnenes is, sekerlik nie in die range van die O.B. nie.**

GEHELP

Onder die verstandige en versiende beleid van sy K.G. het die O.B. elke moontlike kans vir samewerking ten volle uitgebuit. Selfs waar die begeerde ooreenkoms eers ter elfder ure bereik is, het ons Volksbeweging hom as 'n goed gedissiplineerde korps in die stryd gewerp en gehelp om die uitslag te verseker. **En ons het dit graag gedoen, selfs waar ons tog maar nie die partystelsel as sodanig kan vertrou of daarvan veel verwag nie. Daardie kwessies het ons links laat lê en ons partybroers bygestaan.** Alleen daar waar dit vir die O.B. heeltemal onmoontlik gemaak is om met behoud van selfrespek saam te werk, het ons noodgedwonge eenkant toe gestaan. Dis egter onnodig en ongewens om op al hierdie punte weer in te gaan; daardie dinge lê agter die rug en ons is volkome bereid om ten volle ons gewig in die skaal te gooi. **Vir 'n liggaam soos die O.B. wat in die bange ure van oorlog en gevaar deur dik en dun by sy vervolgde en verdrukte volksgenote gestaan het, is dit voorwaar maklik genoeg om sy triomferende broers te ondersteun. Of hulle hul nou in tronke of interneringskampe of in regeringskantoor en kabinet bevind, hulle kan op ons staatmaak as hulle nie self die hand van vriendskap in die as slaan nie.**

O.B.-INVLOED?

In die verbygaan verdien die manier waarop die eleksiestryd gevoer is, eervolle vermelding. Algemeen word erken dat dit op weinige uitsonderings na, op bykans ongekende, waardige wyse geskied het. Sou dit o.a. aan O.B.-voorbeeld en invloed toe te skrywe wees? Het die O.B. dan tog ook hierdie diens aan sy volk bewys dat hy hom weer geleer het om fatsoenlik en eerbaar vergaderings te hou? Ons vra maar net.

BEDENKINGE

Hoe bevredigend die uitslag ook al is, bestaan sekere aspekte daarvan is en bly bedenklik. **Eerste en vernaamste is dit feit dat dit tog maar 'n partyverkiesing en 'n party-oorwinning was. Ondanks die feit dat baie Engelssprekendes, ook — en miskien veral — in Natal, die Afrikanerstandpunt i.v.m. die naturellevraagstuk begin aanvaar en ook openlik daarvoor uitkom, is hulle deur partytrou verplig gewees om aan die anderkant te stem. Dieselfde oorweging gaan hulle besiel om as opposisie elke kans te baat te neem om die regering tot 'n val te bring. Dis nou eenmaal die vloek van die partystelsel, jy regeer of jy opponeer al is Regeringsman en Opposisielid dit in beginsel miskien eens. Die O.B. kon geen sprekender bevestiging van sy standpunt gekry het nie.**

TEEN MEKAAR

Die huidige stand van sake stel die Afrikaanssprekendes teenoor die Engelssprekendes, 'n ongesonde toestand van sake. Dit bring mee dat die kabinet uitsluitend uit eersgenoemdes bestaan. Maar ook vir die eerste keer uit 100 persent tweetalige ministers, moet ons daarby voeg.

Ernstiger is die feit dat stad teenoor platteland te staan gekom het: die platteland is die regering, die stad is die opposisie. Kan dit goeie werk afgee? Waarmee geensins van die bekwaamheid en goeie wil van die kabinet afgedwing word nie. Die punt is dat hiermee al weer vir die soveelste maal bewys word dat party-verteenwoordiging iets anders is as belange-verteenwoordiging, en dan word nie uitsluitlik — of selfs in die eerste plek — stoflike belange bedoel nie.

WAT NODIG IS

Waar staan ons volk dus nou? Ons staan vir 'n baie groot en onverwagte mate weer bymekaar. Dit in die eerste plek. Dis nou ons leiers se taak om daardie gevonde eenheid te konsolideer en uit te bou. **Daartoe is dit nodig dat die Partyleiding sulke „misverstande" soos bv. dat die O.B. nasionaal-sosialisties is en 'n diktatorskap begeer, in vervolg deur broederlike samespreking en vertroue die nek omdraai en vermy. Daartoe is ook nodig dat die O.B. alle gevoel van gekrenktheid vergeet en hul gewig ten volle in die skaal gooi.** Ook t.o.v. grootmoedigheid en onselfsugtigheid kan ons met vrug die leiding van ons K.G. volg. Die H.N.P.-A.P.-kombinasie het alle steun nodig wat ons hul kan gee, nou meer as ooit. Ons besef dat die ewewigstoestand op die oomblik so onstewig is dat groot dinge vireers nie verwag kan word nie. Saam met ons partyvriende sien ons egter verlangend uit na die dag — mag dit spoedig wees — dat ons politieke gevangenes vrygestel word en dat die banvloek op Afrikaner-organisasies, insluitende die O.B., opgehef word.

ENGELSSPREKENDES

As ons volk mekaar dan weer gevind het, wil ons die verkiesingsuitslag egter nie so vertolk dat ons nou lynreg teenoor ons Engelse medeburgers te staan gekom het nie. Wat die O.B. betref, het die partyverdeling hier 'n kunsmatige skeidslyn getrek en sal hy alle maatreëls steun wat daarop bereken is om samewerking met die Afrikaanssvoelende Engelssprekendes te bevorder. Waarmee intussen nie juis 'n koalisie of samesmelting van partye bepleit word nie. Eerstens is dit geensins die O.B. se taak om hom met interne party-aangeleenthede te bemoei nie, en tweedens besit 'n koalisie gewoonlik die som van die ondeugde van die kontrakterende partye en die verskil van hul deugde. Die Regeringspersoneel het as partymanne aan die roer gekom. Mag hulle as volksmanne regeer.

RADIOBOODSKAP

In sy radiorede het die Eerste Minister 'n paar treffende dinge gesê. **Dit geld veral sy slotopmerking waarin hy daaraan herinner dat die opperheerskappy van God in ons grondwet spesiaal erken word.** „In die uitoefening van ons regeringsmagte wil ons graag in ooreenstemming daarmee bly." As dit inderdaad die regeringsprogram

(Vervolg in kol. 2)

(Vervolg van kol. 5)

gaan wees, is die samewerking van elke Christen-Afrikaner, hetsy Engels- of Afrikaanssprekend, 'n plig. Dan kan ons in vertroue die dringende volksvraagstukke aanpak.

EIE TAAK


Eindelik, waar staan die O.B. Nou? 'n Verkiesingsuitslag, hoe gunstig dan ook, verander niks aan die taak en roeping van die O.B. nie. **Vir minstens so lank die huidige partystelsel in swang bly, het die O.B. reg van bestaan. Solank die Republiek van die willekeur van die stembus afhanklik is, het die O.B. geen ontbindingsreg nie. Buitendien, sover 'n mens kan oordeel, het die jongste verkiesing die Afrikaner so ver gebring as wat langs daardie weg bereikbaar is. In die toekoms sal 'n ander weg gevolg moet word en dit is niks anders as die weg wat die O.B. nou meer as ooit geroepe is om aan te dui. Maar heroriëntering en verjonging in die lig van omstandighede is nodig.** In die verlede het die O.B. sy volksgenote wat in vervolginsnood verkeer het, gehelp. Nou moet die O.B. sy volksgenote wat hul in regeringsnood bevind, alle steun verleen. Weer sal die Ossewabrandwag op sy pos gevind word.

# Belasting Dalk Verminder

Daar is reeds aanduidings dat daar 'n aansienlike belastingvermindering sal wees in die begroting wat die Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, gedurende die aanstaande parlementsitting sal indien. Na verwagting sal daar 'n oorskot van sowat £6,500,000 wees.

# VISSER EN VAN BLERK WEER TERUG BY HUL KAMERADE

**Nadat hulle reeds byna ses jaar van hul lewenslange gevangenisstraf uitgedien het, is Julian Visser en Hendrik van Blerk uit die Baviaanspoortkamp waar hulle aangehou is, losgelaat. Saam met hulle is ook Robey Leibbrandt, Jan A. Strauss en Michael M. Pienaar losgelaat. Eersgenoemde het 'n lewenslange vonnis uitgedien terwyl Pienaar en Strauss elk tot drie jaar veroordeel was. Oor die loslating van Erich Holm sal later beslis word.**



*Julian Dawid Visser*

Die loslating het geskied as gevolg van 'n besluit van die regering wat verlede Saterdag deur die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, aangekondig is. Die verklaring lui dat daar na sorgvuldige oorweging besluit is om die politieke gevangenes wat deur spesiale howe veroordeel is, los te laat. „Hierdie besluit is geneem ten gevolge van die innige begeerte van die regering om die volk van die Unie te onthef van die spanning van die oorlogsjare".

**Visser en Van Blerk is gedurende Mei 1942 gevonnis terwyl Leibbrandt in 1943 veroordeel is. Pienaar en Strauss is verlede jaar in Junie skuldig bevind.**



*Hendrik Stefanus van Blerk*

# Gebreke van Provinsiale Stelsel Onderstreep

**Die gebreke van die reeds uitgediende provinsiale raadstelsel waarmee die Unie opgesaal sit, is opnuut die afgelope week na vore gebring deur die Kaaplandse Administrateur, mnr. J. G. Carinus, toe hy sy begrotingsrede gelewer het en aangetoon het dat die inwoners van Kaapland swaarder belas word as die res van die land bloot omdat hulle deur kunsmatige grense van die res van die volk geskei is.**

Mnr. Carinus het verklaar dat 'n getroude man in Kaapland met 'n vrou en twee kinders wat die eienaar is van 'n huis en motor, baie swaarder belas word as sy landgenote in die ander provinsies wat oor net soveel middele beskik. **In Kaapland betaal so 'n persoon £26 8s. 6d. belasting teenoor £19 16s. 8d. in Transvaal, £19 8s. in die Vrystaat en £18 in Natal.**

Mnr. Carinus het verklaar: **„Die onregverdigheid hiervan word vermeerder deur die feit dat in al die ander provinsies vrye onderwys tot matriek al 'n hele aantal jare van krag is en dat ons dit eers teen Oktober kan invoer en dit teen 'n aansienlike finansiële risiko. Verder ontvang die kinders in Transvaal ook nog vry boeke."**

**VERBROKKELEND**

Maar die Administrateur kon nog baie verder gegaan het om die gebreke van hierdie stelsel — 'n produk van Unifikasie wat bedoel was om die provinsies tevrede te stel — aan te toon. Hy kon nog daaraan toegevoeg het dat die stelsel ook lei tot verbrokkeling en verdeling van beheer wat per slot van sake die landsadministrasie verlam en die volkswelvaart bedreig.

Reeds verlede jaar het daar al stemme in die Kaaplandse provinsiale raad opgegaan teen die gebreke in die stelsel, en het lede openlik gepleit vir die afskaffing daarvan.

Tegelyk met die Administrateur van Kaapland se begrotingsrede, het daar ook stemme op die kongres van die Instituut van Stadsklerke, wat verlede week in Oos-Londen vergader het, opgegaan teen die stelsel.

**NUWE DEPARTEMENT**

Mnr. A. E. P. Robinson, L.V. vir Langlaagte, het beswaar gemaak teen die stelsel en aan die hand gedoen dat 'n Departement van Plaaslike Owerhede in die lewe geroep word om al hierdie funksies te beheer.

Die provinsiale owerheid het tans slegs 'n rubberstempel geword op die werk van die Administrateurs, het hy gesê. Sommige Administrateurs meen dat hulle inbreuk kan maak op die magte van die Provinsiale Raad, selfs ten koste van die nasionale ontwikkeling. As voorbeeld het hy genoem die verwerping van die voorstel van die regering dat 'n kommissie ondersoek moet instel na die finansiële verhouding tussen plaaslike owerhede en die sentrale regering. Die plaaslike owerhede is vandag na 16 jaar se onderhandelings nog niks nader aan die oplossing van die probleem as wat hulle destyds was nie, het mnr. Robinson verklaar.

**VELERLEI BELASTINGS**

„Die tyd het aangebreek om ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n sentrale belastingheffende owerheid en 'n p l a a s l i k e belastingheffende owerheid in die lewe te roep in plaas van die huidige driehoekige belastingstelsel." Spr. het ook gesê dat dit dikwels gebeur dat sodra die sentrale owerheid belastingtoegewings maak, die plaaslike owerheid dadelik nuwe belastings hef.

# Voerbank Vir Droogtes

Ten einde die boere van die Unie in tye van droogte te help om hul vee te behou, is planne vir die stigting van 'n voerbank deur die Nasionale Wolkwekersvereniging aan 'n regeringskomitee voorgelê.

Volgens die plan van die Wolkwekers sal 'n boer teen betaling van 'n premie, 'n polis vir 500 sakke mielies kan uitneem. Wanneer sy plaas dan tot 'n droogte-geteisterde gebied verklaar word, sal hy die mielies teen die heersende pryse kan koop. Vir die doel sal die voerbank mielies koop, maar die staat sal verantwoordelik wees vir die berging daarvan.

# Wil Net Vlie

Asof hy die genot van om in 'n vliegtuig te ry te laat ontdek het, het die 97-jarige John Dodson van Nu-Suid-Wallis in die afgelope jaar meer as 4,000 myl per vliegtuig afgelê. Sy kinders verklaar dat hulle hom „nie op die grond kan hou nie." — (Sapa Reuter).

# O.B. Se Slag Lê Voor

**Die parlementêre verkiesing is agter die rug. Nou lê die Ossewabrandwag se slag op 8 Augustus voor. Die parlementêre oorwinning kan nie duursaam wees nie, soos die geskiedenis dan ook telkemale bewys het — tensy ons volk sy krag in eenheid vind.**

**Verseker daardie eenheid deur die fondse van die Volksbeweging sterk te maak!**

# Groot Toename In Plaasmasjinerie: Invoer Bedreig

**Meer en meer boere, selfs veeboere in die binneland wat nie veel grond verbou nie, is besig om hul boerdery te meganiseer. Daar word vandag ongeveer dubbeld soveel trekkers verkoop as voor die oorlog, volgens inligting wat invoerders van plaasmasjinerie aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. verstrek het.**

Sedert die einde van die oorlog is dit asof boere meer belang stel in moderne plaasmasjinerie en so vinnig as wat voorrade van oorsee af aangekom het, so vinnig is dit deur graanboere en selfs veeboere aangeskaf.

Die tekort aan hande-arbeid het baie met hierdie groter aanvraag te doen. Daarby het die meeste boere ook vandag genoeg kapitaal om hierdie verbeterings aan te bring. Dit bring ook mee dat hulle in staat is om meer te produseer en meer grond onder gesaaides te sit.

**GEVARE**

Die voorrade plaasgereedskap wat uit Amerika ontvang word het die afgelope ses maande aansienlik toegeneem. **Die Marshall-hulpplan vir die heropbou van Europa hang egter soos 'n skadu oor die landboubedryf, want dit sal onmiddellik die staaltoevoer sowel as die voorraad plaasmasjinerie so inkort dat die invoer feitlik tot 'n stilstand sal kom. Aanduidings in hierdie verband is reeds aan invoerders gegee.** Om aan Brittanje te dink as 'n moontlike ander bron om vanaf in te voer, hou nie veel in nie. Die Britse produkte is minder gewild in Suid-Afrika en pas beslis nie by Suid-Afrikaanse toestande nie.

**BETALINGSBALANS**

**Daar word ook asem opgehou oor wat die regering gaan doen in verband met die besnoeiing van die invoer uit Amerika om ons handelsbalans weer in ewewig te kry.** Invoerders meen dat as daar op hierdie gebied te drasties gesnoei word dit die landboubedryf nadelig sal tref. Die invoer van landboumasjinerie uit Amerika maak een van die groot items op ons invoer uit daardie land uit.




DANS VIR PLESIER

*Maar vir persoonlike frisheid*

*en betowerende welriekendheid*

*is die antwoord*

**K W V**

***-reukwater***

EN

***-laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

*Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders:*
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4893, Johannesburg.

6-48



# Vertoon Film In Vliegtuig

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse lugvaart is daar verlede week 'n rolprent vertoon op een van die Skymasters, Tafelberg, terwyl die vliegtuig 250 myl per uur deur die lug gesnel het. Die vertoning het sowat driekwartier geduur.

Dit is waarskynlik die eerste geslaagde vertoning in die wêreld van 'n klankprent in 'n vliegtuig.


**Dis 'n**

**KLEINE WONDER**



**SEMENT-STEENMAAKMASJIEN**

Bespaar tyd en geld deur die presiese hoeveelheid stene te maak waar U HULLE NODIG HET. Vier arbeiders kan 4,000 welgevormde en volkome reghoekige stene per dag maak. Omdat hulle makliker is om mee te messel en om te pleister, bespaar „KLEINE WONDER" baie arbeid en vervoer. **Prys £20 v.o.s. Hopefield.** Onderstel £10 ekstra maar enige stewige stellasie sal vir die doel geskik wees. Handelsnavrae sal verwelkom word.

**J. H. BUHR**

**Handelsnavrae word verwelkom Voortrekkerstraat, Hopefield. Posbus 18. Telegramme „BUHR"**

(2)

## DIE O.B.-LEIERS

# Genle. M. Michau: Vroueleidster Van Oos-Kaapland

**Generale Max Michau van Cradock, hoofvrou van die Ossewabrandwag in Oos-Kaapland, is een van die bekwaamste organiseerders in Cradock.**

Genle. Michau is lid van die Grootraad van die Ossewabrandwag, presidente van die V.L.V. en van die Landbougenootskap. Verder dien sy op verskillende komitees waaronder die Rocklands-skoolkomitee vir meisies, die tehuis vir oues, die huiskomitee van die Kraaminrigting, die komitee van die Cradockse en Distrikskraaminrigting, en ook op die bestuur van die A.C.V.V.

Op die landboutentoonstellings onderskei sy haar van jaar tot jaar. Sy het reeds verskeie wisseltrofieë verower en die beker vir beste blomme ses jaar agtermekaar gewen, sodat dit nou haar eiendom geword het. Altesaam was die beker reeds agt keer in haar besit. Sy hou ook die beker vir die hoogste aantal punte vir diereprodukte.



**Genle. Max Michau.**

Dit is 'n ware genot om mev. Michau se blomtuin in die somermaande te besoek. Sy is 'n baas roos- en dahliakweker.

Met al hierdie baie openbare funksjes wat sy vervul, is genle. Michau 'n ywerige offisiere van die Ossewabrandwag op wie die O.B. in Oos-Kaapland staatmaak.

## VERJAARDAG

**8 Augustus kondig hierdie jaar die Ossewabrandwag se tiende verjaardag aan. Laat O.B.-dag daardie verjaardagviering waardig wees. Begin nou werk daarvoor!**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Dank Vir Oorwinning

**Mnr. C. F. J. van Rensburg, Amalia, skryf:** My dank aan die K.G., dr. Hans van Rensburg, en my O.B.-offisiere en lede vir die samewerking met die H.N.P. en die A.P. sodat die volk hierdie oorwinning kon behaal het; maar die groot eer en dank kom God toe deur wie se genade die dinge bereik is. Die Here het sy hand uitgesteek en ons volk soos Israel uitgelei uit die smarte waarin ons was. Netso hard as wat Farao oor Israel was, was genl. J. C. Smuts ook waar hy ons Afrikaners in kampe en polisieselle gegooi het sonder aanklag of verhoor, maar nou het die Here afgesny die kop en stert, soos Jesaja 9 skrywe oor die leiers van die volk. Maar daar lê nog 'n verkiesing voor; laat elke Afrikaner sy oë opslaan na die Hemel en die aarde hier onder aanskou, dan sal ons die Magon die nek kan inslaan.

## Korrespondensie:

### Nie Lid van O.B.

Van verskeie kante is by ons navraag gedoen of dr. P. J. Badenhorst van die Paarl, 'n lid van die Ossewabrandwag is. Die hoofkwartier deel ons mee dat sover vasgestel kan word, hy geen ingeskrewe lid is nie.

## Dankbaar Oor Loslating

**Die redaksie het die volgende telegram uit Kaapstad ontvang met die versoek om dit te publiseer:**

Van „Oom Gandhi", Koffiefontein- Doringdraad: Dank aan Minister Swart, owerheid en volkseenheid vir loslating ons politieke broers in Vryheidstryd teen vreemde bewind. Vryheidswense en kameraadskap aan losgelatenes en dank aan dr. Van Rensburg vir sy morele beywering hierdie gebeurtenis.

# 'Robot'-Brein' Om Plekke Te Bespreek

**'n Robot-brein sal binne 'n paar oomblikke reisigers wat plekke op treine en vliegtuie wil bespreek in kennis stel of daar nog plek vir hulle is, wanneer 'n nuwe toestel wat in Amerika uitgevind is, in werking gestel word. Dit staan bekend as „Intelex".**

Die Robot het 'n meganiese brein en werk op dieselfde beginsel as 'n outomatiese telefoon. Die besprekingsklerk teletik die aansoek om plekbespreking na die kantoor deur en binne enkele oomblikke bevestig die robot-brein of daar plek is of stel alternatiewe datums voor, berig Sapa-Reuter.

# Indiërwet Sal Herroep Word

Die herroeping van die wet wat die Indiërs verteenwoordiging in die volksraad en in die Natalse Provinsiale Raad gee, is deur dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, in die vooruitsig gestel.

Die eerste deel van die wet wat reeds in 1946 aangeneem is, sal nie herroep word nie. Dit het betrekking op die eiendomme wat Indiërs mag aankoop. Die tweede deel van die wet wat verteenwoordiging in die parlement aan die Indiërs gee, sal egter herroep word, aldus die aankondiging.

Die Engelse pers het dadelik na hierdie aankondiging woes te velde getrek teen so 'n voorneme. Beskuldigings van diktatoriale optrede is die nuwe regering teen die hoof geslinger. Maar Engelssprekendes self verwelkom die stap in privaat gesprekke.

# LOJALE HART UIT CHAMBERLAIN-OES

**In wat beskou kan word as 'n wenk vir grootmoedige behandeling van Duitsland, het genl. Smuts in sy kanseliersrede in Cambridge verlede week verwys na sy eie posisie binne die Britse Ryk. Hy het gesê dat hy teen Engeland geveg het in die Vryheidsoorlog, maar dat die vredesdaad wat op daardie oorlog gevolg het 'n „hoogtepunt van staatsmanswysheid" was.**

„Laat daardie voorbeeld en sy betekenis nie oor die hoof gesien word in die groter vredesdebat wat nou op hande is nie. So skyn 'n goeie daad in 'n slegte wêreld. **My blote aanwesigheid hier vandag getuig vir daardie groot daad van staatkundige wysheid."**

### BEKEER

Hiermee het genl. Smuts vir die soveelste keer erken dat hy tot Britse imperialisme bekeer is deur die skenking van selfbestuur aan die verowerde Republieke — 'n stuk diplomasie wat die veroweraar van die Republieke, Joseph Chamberlain, **'n enkele jaar ná die Vrede van Vereeniging as volg gemotiveer het:**

„'n Vennootskap met die groeiende kolonies, sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie."

### DEURSTREEP

Ons het geen beswaar dat genl. Smuts hierdie set 'n „hoogtepunt van staatsmanswysheid" noem nie — wat dit inderdaad vanuit Brittanje se oogpunt beskou, was. Maar as dit op rekening van Britse grootmoedigheid teenoor 'n verslane vyand gebring moet word, dan word dit op die balansstaat beslis uitgewis deur Neuremberg en wat vandag nog daarmee saamsleep; en indien dit as 'n selflose skenking van vryheid aanvaar moet word, word dit weerlê deur die volgende woorde van Churchill minder as 'n jaar gelede: **„Ons moet ons beywer vir die vereniging en samesnoering van die Empire waarsonder die veiligheid van hierdie EILAND nie kan stand hou nie, nòg sy voorspoed terugkeer."**


Die aanwesigheid van genl. Smuts in Cambridge spreek van die oorwinning van Chamberlain en Churchill se oogmerke: **verstewiging van die Britse Ryk ten bate van die eiland Engeland.**


NOODHULP VIR DUITSLAND
DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE
(D.A.H.A.)
Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.

ONS BENODIG DRINGEND:
- Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
- Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- VET.
- Biltong of ander onbederfbare eetware.

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die
DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)
Bloedstraat 164, PRETORIA. Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.
● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●






TWEE BEREKENINGS..
Albei Korrek!

£2+£2+£2 is maar *net* £6 (plus 'n bietjie rente), as u u maandelikse spaargeld in 'n gewone spaarmiddel belê.

Dieselfde £2+£2+£2 kan egter vir u boedel 'n gewaarborgde baat van '*n paar honderd pond* beteken . . . . . as u dit in Lewensassuransie belê!

● Koop vir uself en u gesin daardie ekstra baat aan, deur—

SANLAM 'n SANLAM-Polis
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD
9725-3



EXCELSIOR Meubels BPK.
Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.
MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL
Besoek ons te:

| | |
|---|---|
| JOHANNESBURG | Pleinstraat 40 |
| PRETORIA | H/v Andries- en Pretoriusstrate |
| KAAPSTAD | Pleinstraat 47/49 |
| BLOEMFONTEIN | St. Andrewstraat 123 |
| KROONSTAD | Cross-straat 42 |
| VEREENIGING | Marklaan 17C |
| POTCHEFSTROOM | Kerkstraat 108 |
| FICKSBURG | Markplein |

In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.



Excelsior Meubels Beperk,
Posbus 6670, Johannesburg
Stuur Gratis Katalogus
Naam ..................
Adres ..................
..................
..................
OB

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**RADLOFF.** — Aan Stienie en Leon 'n lief sussie vir Konrad op Saterdag, 12 Junie, in die Del-Her-kraaminrigting, Paarl. Naas die Heer ons dank aan dokter en verpleegster. 16/6/1

## VERLOWING

**SCHOEMAN—BOTHA.** — Die verlowing word bekend gemaak van Hetta, jongste dogter van mnr. en mev. Gert Botha van Virginia, Vredefort, met Dawid, jongste seun van mev. en wyle mnr. Martin Schoeman van Schoemanshof, Potchefstroom. 16/6/1B

## BOME, PLANTE EN SAAD

**GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE** Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS,** P.K. Schoemanshoek **Oudtshoorn.** 21/4/TK

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES, Ens.** vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

**UIEPLANTJIES.**—Australiese bruin, vroeë Kaapse Plat 2/6 vir 500, 4/6 vir 1,000, £1/10/- vir 10,000. Posvry. K.M.B. — G. **HUMAN,** Posbus 11, **Springfontein.** 2/6/2B

## GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## PLAAS TE KOOP

BABANANGO-AREA, 1,000 morge groot, uitstekende bees- en skaapplaas, volop water, swartwattelbas, goeie woonhuis, ens. Prys £2/15/- per akker. Doen aansoek by **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaastad. 5/4/TK

## TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

**Een Buick de Luxe,** 1939 model, in goeie toestand. Het aflewering gekoop. Prys £300. — **MEV. A. C. JOYCE,** Posbus 100, **Bethal.** 16/6/1B

**17 vt.-Bokwa.** Plat relings. Dra maklik 5 ton. Heeltemal in eersteklas toestand. £70, of naaste aanbod. Gelewer Rooiwalstasie.—**T. LOUBSER, Rooiwalstasie.** 16/6/2B

## TE KOOP AANGEBIED

**KORTHORING-BULLETJIES.** — Vyf Melkras-Korthoringbulletjies, 18 maande oud, een skimmel, 4 rooies (een waarvan die horing klein doodgebrand is). Vader baie beroemde stoetbul, moeders uitstekende hoë graad koeie met hoë melkproduksie. Almal gebrand en geskik vir diens. Tarkastad-stasie gelewer. — **S. BEKKER,** Kleinfontein, **Tarkastad.** 2/6/2B

## SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**

**154 Takke**

**K.W.V. ALGEMENE JAARVERGADERING**

DIE

**DERTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING**

**van Aandeelhouers**

VAN DIE K.W.V.

SAL OM 10.30 vm. OP

***Donderdag,***

***24 Junie 1948***

IN DIE

**STADSAAL — PAARL**

GEHOU WORD

**Pretoria-Mark**

**PRINSLOO EN VENTER**

**MARKAGENTE**

**Van der Waltstraat 268**

**Posbus 361 - Foon 2-2208**

**PRETORIA**

**(Mede-eienaar en Bestuurder: J. P. BOTHMA)**

**Garansie van £2,500 by die Staat**

**Probeer ons vir beter diens!**

*SKRYF OM GRATIS*
★ *ETIKETTE*
★ *MARKVERSLAE*
*ENS.*

# Laertrek Gebied F


Die groot vakansie-laertrek van Gebied F te Coopersdal begin oor drie weke, nl. op Vrydag 6 Julie en duur to Vrydag 13 Julie

**Daar is nie meer veel tyd oor nie en diegene wat die laertrek wil bywoon, moet hulle name en laerfooie dadelik stuur aan die Stafhoof, Gebied F, Posbus 1230, Pretoria.**

**Die laerfooi is £1-10s. per persoon vir die agt dae, maar minder waar meer as een persoon uit 'n familie die laertrek bywoon. Elke gesin of groep moet vir hul eie tente sorg.**

**Coopersdal is 'n ideale omgewing om die winter-vakansie in deur te bring. Dit is slegs 20 myl van die ingang van die Krugerwildtuin af. Daar heers nou 'n heerlike klimaat en daar is volop groente en vrugte.**

**Woon die laertrek by onder weg na die Wildtuin en geniet 'n ideale vakansie!**




# SOU ROTTE MET FLUIT NA HUL DOOD LOK

Soos die fluitspeler van Hameln volgens die legende duisende muise na hul dood gelei het, so lei 'n Brit vandag duisende rotte en muise met sy fluit na hul laaste oomblik, na beweer word.

Hierdie Brit, John Heywood van Yorkshire, het nag na nag die muise afgeluister om vas te stel wat die geluid is wat hulle maak gedurende paartyd. Hy het dan probeer om die geluid met 'n fluit na te boots maar kon nooit die presiese klank regkry nie.

Na drie jaar het hy daarin geslaag om die presiese klank wat die rotte maak, met sy fluit na te boots en die rotte na hom toe aan te lok. Heywood maak daarop aanspraak dat hy in een nag 1,147 rotte op hierdie wyse van kant gemaak het.

Intussen kwel Amerikaanse deskundiges hulle oor die waarheid van die aanspraak. Uit Frans- Morokko het 'n groentebeskermer by hulle navraag gedoen oor die fluitmetode van Heywood. Volgens hom lok Heywood die rotte na gifbakke met sy fluit, maar die deskundiges bly die antwoord nog verskuldig.

# Sjina Se Metode

Elke gesin in Kumming, Sjina, moet een rot per dag by die polisie inhandig of 'n boete van 5,000 Sjinese dollar (tussen $\frac{1}{4}$d. en $\frac{1}{2}$d.) betaal, volgens 'n regulasie wat onlangs uitgereik is, berig SAPA-U.P.

Kumming is in die gebied wat deur builepes geteister word, en die owerhede bied 2,000 dollar aan vir elke addisionele rot, afgesien van bogenoemde daaglikse kwota, wat vergiftig of gevang word.

# REPUBLIEK LÊ VOOR

**26 Mei lê agter die rug. Die Republiek lê nog voor. Die Ossewabrandwag beweeg daarheen deur sy beleid van volksamesnoering. Sterk daardie beweging deur die Ossewabrandwag se fondse te sterk. Begin nou werk vir 8 Augustus!**

# *Beswaar Teen „Monopolie"*

Die vrugtebeheerraad het 'n soor monopolie bestendig wat die mededinging van private ondernemings teenwerk. Nie alleen word die pryse van die produkte vasgestel nie, maar soos in die geval van druiwe, moes die verbruiker tevrede wees wat aan hom gegee word. So het mnr. H. J. Wiehahn, 'n Kaapstadse markagent, verlede week op die maandelikse vergadering van die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer verklaar. Hy het beswaar gemaak teen die beheerrade.

„Daar is feitlik geen organisasie wat sy goedkeuring heg aan die stelsel van beheerrade nie", het hy gesê. Die stelsel is nie die vriend van die boer nie omdat dit die kleinboer uitskakel.

Dr. J. A. van Aswegen het voorgesit.

# DIEF MOES HELP

Amptenare van 'n opleidingskollege in Texas kon onlangs nie die brandkas van hul kantoor oop kry nie. Nadat hulle geen raad meer geweet het nie, was hulle verplig om by die naaste tronk 'n veroordeelde te gaan haal wat 'n deskundige is om brandkaste oop te maak. Hy het dit sonder moeite gedoen.

**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk**

**MÔREMARK (Posbus 7185) Newton**

# Kampe Nou Afgeskaf

**Die regering het besluit om die afdeling interneringskampe van die Departement van Justisie af te skaf. Gedurende die afgelope jaar het die afdeling die land £49,000 gekos.**

# ONWETTIGE EISE BESORG SPOORWEË HOOFBREKENS

**Die spoorwegowerheid ly jaarliks duisende ponde skade as gevolg van eise waarvan die wettigheid in twyfel getrek word, maar waarteen niks grondigs ingebring kan word nie.**

Dit het die afgelope tyd herhaaldelik gebeur dat besendings breekgoed van een stasie na 'n ander vervoer word. Wanneer dit dan deur die ontvanger oopgemaak word, is daar niks in die kissies nie behalwe strooi en papier. In die begin is gemeen dat dit werklik diefstal is en is die eise wat teen die Spoorweë ingestel is, uitbetaal. Later toe dit weer voorgekom het, het die owerheid agterdogtig begin word, en vermoed dat die kissies reeds by die afsending daarvan leeg was. Ondersoek word ingestel.

Dit het ook aan die lig gekom dat kissies vrugte herhaaldelik leeg by hul bestemming aangekom het. In een groot besending was 200 leeg. Ondersoek het aan die lig gebring dat daar geen diefstal op die trein kon plaasgevind het nie en dat die kissies reeds voordat hulle opgelaai is, leeg moes gewees het. Maar aangesien dit moeilik is om met konkrete bewyse te kom, moet die Spoorweë maar opdok.

DIE Boerejeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 16 JUNIE 1948

# DIE BOEREJEUG:

## Vanwaar en Waarheen?

### *(Iets omtrent die Hede en Idees Vir die Toekoms)*

**(Deur Asst.-Veldkornette K. Botha, Stellenbosch)**

*„God het 'n nasie met die siel van 'n nasie verwek;*
*'n Nasie bewus van sy roeping en plig, waar geeneen vir homself alleen ,*
*Na sy kroon wil gryp, maar sy kruis wil dra vir die kroon van die algemeen;*
*Elkeen vir almal en almal vir elk, want elk is met almal een."*

— C. J. LANGENHOVEN.

Dit klink na woorde van die K.G. in die twintigste eeu, maar dis reeds 'n eeu gelede gebesig deur Piet Retief by die Vet-rivier. **Ons het dus nie ons idees en ideale uit die lug gegryp nie — vir honderde jare is dit reeds deel van die Afrikanervolk.**

Met verloop van tyd het die volk egter vreemde tradisies en sedes aangehang en ons wil nou daardie deel van die volk weer nasiebewus maak. Daarom gaan ons van die standpunt uit dat die Afrikaner wat „verkeerd" stem, nader aan ons staan as die Jood wat „reg" stem. Dit ter verduideliking van ons ideaal en strewe na 'n volksfront en nie 'n enge uitheemse partystelsel nie. In dié opsig is ons Boerejeug besig om die kind van vandag voor te berei vir die nasiestryd van môre.

„BOEREJEUG" OP ALLE TERREINE

**'n Mens is nie net Boerejeug vir 'n halfuur of uur per week wanneer jy saam met jou maats Boerejeugwerk doen nie — O nee! Elke dag en orals is jy Boereseun of -dogter, getrou aan volk en sedes.**

Ons is b.v. nie onbeleefd teenoor ons mede-Afrikaner op straat, in winkels, of in ander openbare plekke nie. En omdat die een se pa 'n mynwerker is en die ander se pa 'n mediese dokter, gaan ons nie verskil in ons vriendskap en omgang met mekaar maak nie. In die skool is jy ook 'n Boereseun of -dogter, en daarom is jy beleefd teenoor jou meerderes, jy doen jou werk pligsgestrou, en jy gehoorsaam die skoolreëls sonder om jouself onpopulêr te maak by jou maats en die bynaam van „goody-goody" verwerf.

Deur openlik te bewys dat ons een is, sal deur 'n geringe voorbeeld in dié rigting alle voorooordeel van uitheemse, valse oorgeplante aristokratiese neigings die nek ingeslaan word.

Ons pas ook dieselfde beleid in ons daaglikse omgang met die naturel en kleurling toe. Ons wil naamlik hê dat hulle apart van die blankes, hulle eie taal, kultuur, en sedes moet handhaaf — 'n jarelange onopgeloste probleem wat ons as Boerejeug in die Ossewabrandwag prakties begin toepas.

LANDSDIENS

Dit is wat ons daagliks doen en voor oë hou. Graag kyk ons egter ook 'n bietjie in die toekoms. Nie alleen geniet ons die heerlike laertrekke wat nou al so onmisbaar geword het nie, maar ons sien ook uit na die dag wanneer ons as volksjeug groot opleidingslaers sal kan bywoon waar seuns en dogters landsdiens doen en voorberei word vir hul toekomstaak in diens van volk en vaderland — die seuns agter die ploeg en in die oesland, die dogter in die huis met die versorging van die gesin.

Nie net laertrekke in die veld en op die plaas sal gereël word nie, maar ook saamtrekke vir volksmoeders, waar nuttige huishoudelike aangeleenthede geleer word. Terwyl sulke moeders dan elders werksaam is, kan Boeredogters by die kinders bly en hulle versorg. 'n Klein begin in dié rigting is dat dogters saans by die kinders bly wanneer ouers 'n konsert, vergadering, of iets dergeliks bywoon. Hulle kry 'n geringe betaling wat in die Boerejeugnoodhulpfonds gestort word. Tegelykertyd leer hulle dan kinderversorging en kindervoeding.

HULPVERLENING

Klubs kan ook gestig word waar seuns en dogters hulle vrye tyd kan deurbring met lees, sing, en speel (dit sluit in alle vorms van sport soos swem, hokkie, tennis, ens.). Ook kan daar onder toesig eerstehulp, hulp aan vreemdes in stede, hulp aan ou mense, ens. bevorder word. Hierdie hulp van seuns en dogters sal onmisbaar word, en om dit verder te adverteer, kan hulle kentekens dra, bv. iets soos die Boerejeug-rangbande, met B.J.V.H. (Boerejeug Vreemde Hulp) daarop geskrywe.

Dis egter nie nodig om net as georganiseerde groepe hierdie werk te doen nie. Elke Boereseun en -dogter moet net 'n helpende hand reik aan enigeen wat dit mag nodig hê — die mense sal self uitvind dat die Boerejeug hulpvaardig is. Baie mense weet nie eens dat daar so iets soos die Boerejeug bestaan nie, en as julle belangstelling wek, is die saak reeds half gewonne. Ons moet nie net sê: „Elkeen vir almal en almal vir elkeen" nie, ons moet dit uitleef, want woorde wek maar voorbeelde trek.

(Graag nooi ons ook andere uit om gedagtes uit te spreek oor die huidige en toekomstaak van die Boerejeug. — **Red.**)

## WIE KAN SÊ?

1. Wie het die eerste keer die Christelike Kerk as staatskerk uitgeroep en op watter datum? (Dis 'n Romeinse Keiser).
2. Noem die name van die drie groot Protestantse Hervormers.
3. Wie het die Protestantse rigting in Skotland gelei?
4. Watter Sinode kan beskou word as die hoogtepunt van die kerk in Nederland waar die belydenisskrifte van die gereformeerde kerke finaal vasgelê is?
5. (a) Watter persone het in die begin ook die werk van predikante gedoen aan die Kaap?
   (b) Wie was die eerste sodanige persoon aan die Kaap?
6. Wie was die eerste vaste predikant aan die Kaap?
7. Watter gemeente is die oudste in die Vrystaat?
8. Wie was die eerste vaste predikant van die Transvaal?
9. Wie het die Psalms berym wat in al 3 die Afrikaanse Kerke gesing word?
10. In watter jaar het ons ons volle Afrikaanse Bybel gekry?

## Die Dag Sal Kom

Deur Boeredogter Magdalena de Bruyn, Aliwal-Noord

Jy wat buk en sweet en swoeg,
En asseblief moet vra;
Wat in jou land 'n vreemdeling is,
En vir vreemdes water dra;
Jy wat moet mooi broodjies bak,
Gedurig pleit en paai;
Terwille van jou vrou en kind
Maar steeds moet doekies draai:
Jy wat moet wurg en hyg en ly;
Jy wat moet ploeg en saai,
En as jou oes daar staan, moet sien
Hoedat 'n ander maai......
Daar is 'n tyd om maar te swyg,
Om te verduur en te verdra......
Al seng die son en byt die nag,
Verduur maar sonder om te kla......
Maar eenmaal in die dag lumier
Glim aan die oosterhemel hoog
Die letters wat tot dade roep,
En sien jou matte oog:
Nou! Nou's die tyd vir arm en vuis,
Verdelg dié wat jou skop en spot;
Laat hoor jou krygskreet bo die klag
Van vrou en kind daar in jou krot......
Die tyd is daar, eis, eis jou reg,
Om baas te wees in eie huis;
Smyt af die vodde van die kneg
En vat jou swaard vas in jou vuis.
Die tyd vir soebat is verby!
Die dag het aangebreek vir stry,
En gryp jou reg!

## Kindersmart

Dit was 'n stormagtige nag. Die winterwind huil om die hoek van die eensame boerewoning. Verder is alles stil. Maar daar in die kamer — wat is daar? 'n Moeder wat sterwend oor die dooie liggaam van har man uitgestrek lê.

„Niklaas! Niklaas!" snik sy. „Ek en Pietie lewe nog. Kom, kom terug na ons toe."

Pietie, die sesjarige seuntjie klem vertroulik vas aan sy moeder. Dis alles nou stil. Die wind daarbuite het bedaar. Die wolke het losgeskeur van mekaar en die maan loer deur 'n wolkopening op die toneel hieronder. Ver oor die bulte verdwyn die bende kaffers.

Dis dag, maar 'n krulkopseuntjie pluk en pluk tevergeefs aan sy moeder se rok. Sy wil nie hoor nie. Waarom dan nie? Hy begin te huil. Waarom is Mammie en Pappie so stil? „Mammie! Mammie!", snik hy deur sy trane. Daar is g'n roering in die stille liggaam nie. Harder en harder huil Pietie. Van moegheid val hy vooroor en slaan sy moeder se arm om sy nek.

Die volgende môre klim 'n eensame ruiter voor die deur af en stap binne. Alles is doodstil. Iets knel om sy hart. Hy loer by die kamerdeur in. Verskrik steier hy terug. Daar voor hom lê 'n groepie: — 'n Vrou dwarsoor 'n man en 'n krulkopseuntjie in haar arm — dood. Hy kyk — 'n handjie roer! Hy spring vorentoe. Die kind leef nog...... Hy vat hom in sy arm en druk hom aan sy bors.

„Mammie, Mammie", fluister Pietie.

Trane spring in die ruiter se oë. Stil stap hy na buite met Pietie in sy arms. En toe hy oor die bult verdwyn, kyk Pietie nog eens na die huis daar agter en fluister saggies: „Mammie, Mammie."

**Napoleon,**
**Dist. Rustenburg.**

## *Vir Die Dogters*

# AANDGEREGGIES

Verlede keer het ons belowe om vandag die een en ander te sê i.v.m. aandgereggies.

Dis 'n baie gerieflike manier om te begin om 'n deel van die huislike verantwoordelikhede te dra, om soms saans die aandete voor te berei, veral op 'n Sondagaand. Ek dink werklik elke Boeredogter wat al oud genoeg is daarvoor, behoort ten minste Sondaeaande self die aandete op haar te neem — Moeder sal so 'n ruskansie baie hoog op prys stel.

Allereers: Wie van ons kan **'n wit-sous maak?** Aangesien ons dit tog al te baie nodig kry in aandgereggies, sê ons eers iets daaromtrent. Daar is drie tipes wit-souse, nl. dik, middelmatig, en dun. Die bestanddele is deurgans: meelblom (of mielieblom), botter en melk, en om die verskillende grade te kry wissel ons net die hoeveelhede as volg: — (E = Eetlepel; K = Koppie).

| | Botter | Meelblom | Melk |
|---|---|---|---|
| Dik | 2-3 E | 3 E | 1 K |
| Midd. | 2 E | 2 E | 1 K |
| Dun | 1 E | 1 E | 1 K |

In hierdie en die volgende artikels sal ons nie met die dun witsous te doen kry nie — dit word bv. gebruik as die basis van 'n melksoep. 'n Middelmatige en 'n dik witsous sal ons egter dikwels nodig kry. Die metode van aanmaak is deurgans as volg:

(1) Smelt die botter in 'n kastrolletjie.
(2) Haal af van die stoof en roer meelblom deeglik in sodat geen klonte gevorm word nie.
(3) Voeg melk en 'n bietjie sout by.
(4) Plaas weer op stoof en **roer gedurig** met 'n houtlepel totdat mengsel gaar is en die gewenste dikte.

Hier is nou 'n gereggie waar die middelmatige witsous gebruik word:

**BESTANDDELE:**

2 E botter, 2 E meelblom, 1 K melk, ½ t. sout, 3 hardgekookte eiers, 5 snye gesmeerde roosterbrood, (peterselie).

**METODE:**

(1) Maak 'n witsous van die botter, meelblom, melk en sout.
(2) Kap die harde wit van die eiers in klein stukkies, en voeg by die witsous.
(3) Gooi die mengsel oor die roosterbrood en strooi die eiergele wat deur 'n sif gedruk is, bo-oor.
(4) Dit lyk baie mooi as mens dit met peterselie dekoreer.
(5) Dit kan vir 'n rukkie warm gehou word in die oond tot dit bedien word.

**VARIASIES:**

'n Bietjie **gerasperde kaas** in die witsous gee dit 'n baie lekker geur. Orige vleis kan ook fyngekap en ingeroer word. Trouens, as kaas en vleis gebruik word, kan die eiers ook heeltemal uitgelaat word.

As jy haastig is, kap sommer dit wit en geel van die eier saam stukkend en roer in die witsous, of sny die hardgekookte eiers in skywe op die brood en gooi die witsous bo-oor.

Volgende keer meer omtrent aandgereggies.

**ANTWOORDE OP „WIE KAN SÊ?"**

1. Konstantyn die grootte in 313 N.C. (Die Dekreet van Milaan).
2. Luther, Zwingly, Calvyn.
3. John Knox.
4. Die Dortse Sinode van 1618 — 19.
5. a) Sieketroosters.
   b) Willem Wylant.
6. Ds. J. van Arckel.
7. Winburg.
8. Proponent D. van der Hoff.
9. Prof. J. D. du Toit (Totius).
10. 1933.

## Plakboeke

Ons verneem dat Wellington se Boerejeug deesdae baie ywerig met plakboeke besig is. Diegene wat huishoudkunde-plakboeke maak, verwelkom seker die reseppies wat in die laaste tyd in „Die Boerejeug" en „vuurslag" verskyn.

Ander Boerejeuglede wil ons ook weer herinner om nie die maak van plakboeke te verwaarloos nie. Vir dogters is kookkuns, naaldwerk, of huisbestuur plakboeke van besonder groot waarde, want julle kan dit vir die res van julle lewens gebruik. Maar moet nou nie sommer blindelings alle reseppe wat julle sien afskryf of uitknip nie — toets hulle eers uit of maak seker dat dit goeie reseppe is wat die moeite werd is om te hê. Skryf ook enige op- of aanmerkings daarby wat later van waarde mag wees.

As jy 'n kookkuns-plakboek maak, hou dan koekreseppe, poedings, aandgeregte, lekkers, dranke, en ander skotteltjies uitmekaar. Deel ook enige ander plakboeke in volgens 'n vaste skema. Verlede week se „Boerejeug" bevat nou al 'n goeie begin vir die koekgedeelte, hierdie vir aandgeregte, en „Vuurslag" het 'n paar baie maklike lekkergoedreseppies.

As julle enige spesiale tipe reseppies wil hê vir julle plakboeke, skryf vir ons, en ons sal aandag daaraan gee in hierdie rubriek.

Maar dis nie net dogters wat plakboeke maak nie! Volgende keer sê ons so een en ander omtrent ander tipes plakboeke.

# VYAND IS NOG NIE VERNIETIG: O.B.-DAG-OPROEP

**Genle. A. C. M. Mostert, hoofvrou van Gebied F, doen onderstaande oproep in verband met O.B.-dag:**

Geagte O.B.-offisiere en brandwagte van Gebied F, ons roep u almal baie vriendelik dog dringend op aandag vir Fondsdag gedurende Augustus eerskomende.



Genle. A. C. M. Mostert

Slaggereed, vasberade en gegord vir die stryd het ons geliefde, selflose Kommandant-generaal ons onlangs gevind toe hy ons vir aksie opgeroep het. En wat 'n prestasie! Nie minder nie as 35 feitlik onneembare V.P.-vestings het ons gehelp met die aarde gelyk maak nadat ons mede-nasionale broers wat in die stryd in daardie vestings gewikkel was, ons die hand van vrede en broederskap gereik het. Sie daar die krag van die georganiseerde Ossewabrandwag met ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, aan die spits!

Die vyand is verslaan maar nie vernietig nie! Andermaal word ons opgeroep tot die stryd. Hierdie keer om mildelik tot die O.B.-fonds by te dra. Die voortbestaan van ons blanke ras is op die spel. Die Ossewabrandwag, man, vrou en kind staan brandwag vir die volk, want ons volk mag nie in die slaap oorval word nie.

Onthou mede O.B.-offisiere en brandwagte, sonder fondse moet ons die stryd gewonne gee. „Nooit!" sê ons. **Laat ons dan elkeen ons plig doen, om so ons eindoorwinning te bereik, nl. ons Christelike nasionale Republiek waarvoor ons stry en gewillig is om te ly.**

Laat ons nie net saam met die massa sing: „Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika!" nie, maar laat ons aan ons Kommandant-Generaal deur ons dade toon: „Ons sal antwoord op jou roepstem, ans sal offer wat jy vra."

(Vervolg van bls. 1 kol. 2)

dat die nuwe regering verdere immigrasie van hierdie aard sal stopsit. Die kwalifikasies van hierdie mense is van so 'n aard dat hulle nog opgelei moet word vir 'n vak, en om hulle dan as ongeskooldes op die arbeidsmark te laat beland, is 'n toevoeging tot die land se probleme.

# DUITSE DESKUNDIGES ONTWERP VLIEGTUIE VIR RUSSE

**Die Amerikaanse volk is onlangs die skrik op die lyf geja deur 'n amptelike mededeling dat die inligtingsdiens oor inligting beskik dat 'n „potensiële vyand" oor langafstand-bomwerpers beskik wat in staat is om Amerikaanse stede aan te val.**

Vir die Westerse lande is hierdie aankondiging geen verrassing meer nie. Reeds lank al is daar gegis dat Rusland (die potensiële vyand) met die hulp van Duitse wetenskaplikes in staat is om moordtuie soortgelyk aan dié van die Amerikaners te vervaardig. Tans vra die Amerikaanse regering homself af of hy werklik voor is in die wapenwedloop en of Rusland nie reeds kop aan kop met hom loop nie.

**212 Divisies**

Oor die Russiese militêre sterkte is daar reeds veel gegis. Waarnemers bereken dat die militêre sterkte van Rusland op die oomblik op 4,000,000 man onder die wapen te staan kom. Dit is sowat 212 divisies. Hierdie afdelings is goed toegerus en geen onkoste word vir dié doel as te groot beskou nie.

**SES LEëRS**

Hierdie leërs is in ses verskillende gebiede gestasioneer:

1. 'n Noordelike leër met hoofkwartier in Leningrad onder bevel van maarskalk Voroshiloff.
2. 'n Sentrale leër met hoofkwartier in Minsk onder bevel van maarskalk Rokossovsky.
3. 'n Ukraine-Balkan leër met hoofkwartier in Odessa en onder bevel van die bekende maarskalk Zhukov.
4. 'n Kaukasiese leer wat te Tiflis gestasioneer is en wat onder bevel van maarskalk Bagramian staan.
5. 'n Kaspiese leër onder bevel van maarskalk Timosjenko met hoofkwartier te Tashkent.
6. 'n Verre Ooste leër onder maarskalk Malinovsky met hoofkwartier te Chita.

## Magtige Leërs Gereed

**DUITSE LEëR**

By hierdie leëreenhede moet ook nog die 16 divisies van die MVD getel word wat soortgelyk is aan die SS-afdelings van die Duitsers. **Daarby kom ook nog die 14 divisies van die Duitse genl. Von Paulus. Sy eenhede sou elk uit meer as 9,000 man bestaan.** Die Russiese leërsterkte sluit 34 pantserafdelings in. Hulle word as van die beste eenhede beskou. Sestien ander word nog op die been gebring.

**VERBETER**

**Die Russiese landmagte word ondersteun deur 7 eenhede van die lugmag berig Review of World Affairs. Ses eenhede is meer bepaald toegerus om saam met die landmagte op te tree terwyl die sewende bestaan uit langafstand-vliegtuie. Dit is die eerste van sy soort in Rusland. Dit is 'n verbetering op die Amerikaanse B-29 bomwerpers. Hiervan het die Russe op die oomblik 600.**

Duitse deskundiges het vyf nuwe soorte vegvliegtuie wat deur spuitkrag aangedryf word, ontwerp. Hiervan maak die Russe ongeveer 2,900 per jaar. Die lugmag bestaan uit ongeveer 600,000 man. Daar is ook 100,000 opgeleide valskermsoldate.

**DUIKBOTE**

Die Russe wend ook alle pogings aan om hul duikbootvloot op te knap. Hulle was gelukkig genoeg om die beste Duitse deskundiges op hierdie gebied te ontvoer, en daarbenewens 'n groot deel van die Duitse duikbootvloot present te kry van die Weste.

Verder is hulle tans in staat om jaarliks 35,000 tenks te produseer. Dan moet daar nog rekening gehou word met die satelliet-lande wat ook op militêre gebied saam met die Russe span.

# TEEN ISRAËL

**Nadat die oorlog tussen die Jode en Arabiere in Palestina die afgelope maande bloed vryelik laat vloei het, het die bemiddelaar van die V.V.O., graaf Bernadotte, verlede Vrydag daarin geslaag om 'n wapenstilstand van vier weke tussen die vyandelike groepe te bewerkstellig, maar skaars was hierdie wapenstilstand van krag of die ooreenkoms is op verskeie plekke deur altwee kante verbreek en daar is weer oor en weer geskiet. Oor die algemeen heers daar stilte aan alle fronte, na Sapa-Reuter berig.**

**Of die poging om die Jode en Arabiere met mekaar te versoen sal slaag, is sterk te betwyfel aangesien albei kante ewe sterk op hul eise staan. Die Jode eis 'n onafhanklike Joodse staat terwyl die Arabiere weier om dit toe te laat.**



**Koning Abdullah van Transjordanië (regs), bevelvoerder van die Arabiese troepe, voer hier militêre samesprekings met Arabiese leiers by die Arabiese hoofkwartier te Amman. Links staan Raaman Azzam Pascha, sekretaris-generaal van die Arabiese Legioen, en in die middel staan die regent van Irak, Abdul Ilah.**

# Nuwe President Allig Vandeesweek In V.S.A. Benoem

Met die son van die Demokratiese Party aan die ondergaan in Amerika, is dit feitlik 'n uitgemaakte saak dat die nuwe president van die Verenigde State hierdie week deur die Republikeinse Partykonferensie in Philadelphia genomineer sal word. Afgevaardigdes van al die state is daar byeen om die kandidaat vir die presidentsverkiesing aan te wys.

Die name van 'n stuk of vyf manne was die afgelope maande op die voorgrond as moontlike kandidate. Hulle is Dewey, wat by die vorige geleentheid kandidaat was, Taft, Stassen, Martin en Vandenberg. Laasgenoemde twee word in die oog gehou as moontlike kompromiskandidate, dit wil sê dat die keuse op een van hulle kan val indien nie een van eersgenoem drie 'n volstrekte meerderheid kan behaal nie. Veral Vandenberg het hom doelbewus op die agtergrond gehou met die oog op so 'n gebeurlikheid.

Behalwe Truman, wat die kandidaat van die Demokratiese Party sal wees, is daar 'n derde kandidaat, Wallace, wat vir sy pro-Russiese gevoelens bekend is en in algemeen as Stalin se gunsteling beskou word. Die verkiesing vir die presidentskap vind op 2 November plaas.

## ?

„Ek merk dat dr. Van Rensburg ook onlangs in Pretoria was. Ook hy hoef niks te vrees nie. Sy pensioen sal gereeld aan hom uitbetaal word, afgesien daarvan of hy die Nasionale Party gaan ondermyn of nie."— (Die Kruithoring, amptelike strydblad van die H.N.P., na aanleiding van die uitslag van die verkiesing).

# Mynwerkerstryd Kom Moontlik Binnekort tot Finaliteit

**Die stryd van die Verenigde Mynwerkers teen die verkiesing van skag-verteenwoordigers wat op 5 Mei plaasgevind het, het 'n nuwe fase binnegegaan deurdat die Pretoriase Hooggeregshof hulle verlede week gelyk gegee het en die verkiesing van 5 Mei ongeldig verklaar het. Dit val saam met die nuwe regering se aankondiging dat hy sal toesig hou oor die demokratiese regte van vakbondlede.**

Die Mynwerkersbond, teen wie die Verenigde Mynwerkers die stryd aanbind, is ook verbied om voort te gaan met die verkiesing van distrikskomitees, en lede van die hoofraad volgens 'n amendement wat in 1947 op die grondwet aangebring is. Die amendement waarvolgens die verkiesing plaasgevind het, is ook ongeldig verklaar.

Die stryd van die Verenigde Mynwerkers teen die huidige bewind sloer reeds sowat twee jaar lank. Die Verenigde Mynwerkers verklaar dat die vorige regering met hulle 'n ooreenkoms aangegaan het waarvolgens 'n demokratiese verkiesing nie later as 1 Junie 1946 gehou sou word nie. Daarvan, so beweer hulle, het niks gekom nie. Voortgaande word beweer dat in plaas van 'n verkiesing soos deur die regering gewaarborg, die Mynwerkersbond 'n verkiesing gehou het waarin net 19 persent van die mynwerkers kon stem, omdat slegs ten volle opbetaalde lede toegelaat is, en meeste ontevredenes by wyse van protes geweier het om ledegelde te betaal.

Die Mynwerkersbond het appèl teen die uitspraak aangeteken. Daar is oor die naweek met die Minister van Arbeid, mnr. B. J. Schoeman, onderhandel oor 'n tussentydse bestuur.

In 'n toespraak het mnr. Schoeman beklemtoon dat die regering hom nie in huishoudelike aangeleenthede van vakbonde sal inmeng nie, maar wel sal toesien dat verkiesings op demokratiese wyse geskied.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.